


water


Water gee ons lewe.



Mense, plante  
en diere het  
almal water  
nodig om aan  
die lewe te bly.  
Water help ook  
ons liggame  
om afval te  
verwyder.



# Waar kom water vandaan?



dam


rivier




# Waar kom water vandaan?

fontein

put



windpomp



# Ons spaar water

Water is baie kosbaar,  
daarom moet ons dit  
nie vermors nie.




Spaar  
water!

Ons spaar  
water



Stort  
eerder as  
om te bad.

Draai die kraan  
toe terwyl jy  
tande borsel.



Ons gebruik water om

Te bad en  
stort.

Plante water  
te gee.



Kos te maak.



Klere te was.